HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 04 van 2026

20 Januarie 2026

Geagte Ouer en Voog,

Baie welkom by Hoërskool Randburg! Ek hoop u seun/dogter gaan net so gelukkig wees en groei soos wat my dogter het.

Ons Wiskundedepartement streef daarna om alles in ons vermoë te doen om ons graad 8-leerders met hul Wiskunde-oorgang vanaf graad 7 na graad 8 te help. Ons wil u, as ouers, ook graag daarvan verseker dat u welkom is om per e-pos met ons te kommunikeer, óf om ons per afspraak te kom sien.

Die doel van hierdie dokument is om 'n paar vrae te beantwoord wat u en u kinders moontlik kan hê.

1. Wat kan ek en my kind hierdie jaar van Wiskunde verwag?

- ✓ *Huiswerk elke dag.*
- ✓ *Gereelde klastoetse wat deel van hul rapportpunt vorm.*
- ✓ *Ses Algebra-periodes en een Meetkunde-periode per week. (Die Meetkunde-onderwyser verskil van die Algebra-onderwyser. Die doel hiervan is om aan die leerders 'n konstante blootstelling aan Meetkunde te gee, sodat hulle die begrippe kan verstaan en inoefen.)*

2. Hoe lyk 'n Wiskunde-periode?

- ✓ *Periodes wissel van 30 minute tot 43 minute lank.*
- ✓ *Ons probeer so gereeld as moontlik kyk of hul huiswerk gedoen is en teken/stempel boeke.*
- ✓ *Ons neem presensie.*
- ✓ *Ons merk huiswerk en verduidelik weer waar die leerders vasgebrand het.*
- ✓ *Ons verduidelik nuwe werk en doen genoegsame voorbeelde (van basiese voorbeelde tot meer toepassingsvoorbeelde).*
- ✓ *Dit is ook ideaal dat die leerders reeds in die klas met hul huiswerk begin, sodat die onderwysers die leerders wat nog 'n bietjie met die werk sukkel, individueel kan help.*

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

3. Watter ekstra oefengeleenthede is daar?

- ✓ *Die leerders skakel in op die Google Classroom waarop alle inligting, werkkaarte, ekstra oefeninge, afbakenings en Wiskunde-verwante boodskappe en dokumente geplaas word.*
- ✓ *Daar is 'n Akademiese Biblioteek met ou vraestelle en memorandums beskikbaar.*
- ✓ *Daar is elke Maandag vanaf 26 Januarie 14:00 tot 15:00 Wiskunde ekstraklas in F5.*

4. Waarom gebruik ons nie in graad 8 'n sakrekenaar in Wiskunde nie?

Ons het besef dat die meeste leerders se hoofrekene nie op standaard is nie. Hulle doen baie basiese bewerkings eerder met hul sakrekenaar as wat hulle dit met eenvoudige berekeninge of in hul kop doen. Dit beteken dat hulle nie altyd 'n goeie begrip het van hoe ons by 'n antwoord uitkom nie. Die gebruik van 'n sakrekenaar lei ook soms daartoe dat leerders nie weet hoe om logiese stappe en volgorde van bewerkings te volg nie. Dit mors verder ook tyd in vraestelle om eenvoudige berekeninge met sakrekenaars te doen.

5. Assesseringsbeplanning vir die jaar:

Duidelike afbakenings vir die assesserings sal vroegtydig aan die leerders gekommunikeer word.

Kwartaal 1:

- *Basislynassessering*
- *Opdrag (50 punte)*
- *Toets (50 punte)*
- *Deurlopende klastoetse (10 punte)*

Kwartaal 2:

- *Ondersoek (50 punte)*
- *Toets (50 punte)*
- *Deurlopende klastoetse (10 punte)*
- *Middeljaareksamen – 1 vraestel (100 punte)*

Kwartaal 3:

- *Projek – tuiswerk & toets (25+50 punte)*
- *Toets (50 punte)*
- *Deurlopende klastoetse (10 punte)*

Kwartaal 4:

- *Eindeksamen – 2 vraestelle (75 punte elk)*

Let wel: Volgens departementele vereistes word assesserings as volg opgestel:

Vlak 1 vrae *Basiese kennis (teorie)* 25%	**Vlak 2** vrae *Basiese toepassings (gevra net soos geleer)* 45%	**Vlak 3** vrae *Moeilike toepassings (vangplekke)* 20%	**Vlak 4** vrae *Probleemoplossing (ongesiene vrae)* 10%

6. Hoe kan ek, as ouer, my kind met sy/haar Wiskunde ondersteun?

- ✓ *Moedig u kind aan om sy/haar Wiskunde-huiswerk te doen, die Maandag ekstraklasse by te woon, vir hul klastoetse te leer en om gouer, liewer as later 'n afspraak met sy/haar Wiskundeonderwyser te maak indien daar iets is wat hulle nie verstaan nie sodat hy/sy nie agter raak nie.*
- ✓ *Moedig die kinders aan om te leer – Wiskunde is nie meer net 'n oefenvak nie, maar ook 'n langtermyn leervak. Hulle moet dus leer en oefen en leer en oefen en nóg 'n bietjie oefen.*
- ✓ *Hoe meer vraestelle hulle uitwerk of ekstra oefeninge hulle doen, hoe meer groei hulle in hul selfvertroue en hoe minder onnodige foute maak hulle. Hulle leer daardeur ook om hul vrae mooi te lees. Hulle moet van elke vraag se puntetoekenning seker maak. Die goue reël in Wiskunde is om ALTYD stappe en bewerkings te wys – selfs al tel die vraag 1 punt.*
- ✓ *Dit is belangrik dat die leerders vraestelinstruksies duidelik volg.*
- ✓ *Moenie vrae uitlos nie – skryf die vraagnommer neer en laat reëls oop sodat jy aan die einde van die vraestel duidelik kan sien watter vrae jy nog nie beantwoord het nie en dit dan kan probeer.*
- ✓ *Indien u kind 'n Wiskunde-periode mis, moet hy/sy óf by iemand in hul klas die werk kry en inhaal, óf op Google Classroom die lesvoorbeelde deurwerk. Daarna kan hy/sy 'n afspraak met sy/haar Wiskunde-onderwyser maak indien daar iets is wat hy/sy nie verstaan nie.*

7. Hoe werk oueraande?

Daar is een inligtingsaand en twee oueraande per jaar. Indien u enige van u kind se onderwysers wil kom sien, moet u kind by die spesifieke onderwyser vir 'n spesifieke tydsgleuf 'n afspraak maak. Wanneer 'n leerder minder as 40% op sy/haar rapport vir Wiskunde het, sal sy/haar onderwyser aan die ouers 'n e-pos stuur en hulle uitnooi om 'n afspraak met die onderwyser te maak om hom/haar tydens die oueraand te kom sien.

8. Wie is die Wiskunde-onderwysers vir graad 8 vir 2026?

- ✓ **Erna Dreyer** *(erna.dreyer@hsrandburg.co.za)*
  Graad 8 Wiskunde-koördineerder, Wiskunde-onderwyser vir 8 A, B & C.
- ✓ **Marianne van der Merwe** *(marianne.vandermerwe@hsrandburg.co.za)*
  Wiskunde-onderwyser vir 8 D & E.
- ✓ **Pieter Booysen** *(pieter.booysen@hsrandburg.co.za)*
  Wiskunde-onderwyser vir 8 F, G & H.
- ✓ **Kaylin Pienaar** *(kaylin.pienaar@hsrandburg.co.za)*
  Meetkunde-onderwyser vir graad 8 A, B, C, E & F, asook Wiskunde-onderwyser vir 8 I.
- ✓ **Monya Engelbrecht** *(monya.engelbrecht@hsrandburg.co.za)*
  Meetkunde-onderwyser vir graad 8 D, G, H & I.

Ons hoop dat ons almal (onderwysers, leerders en ouers) saam kan werk om Wiskunde vir ons kinders 'n positiewe leerervaring te maak en dat ons, as onderwysers, die liefde en passie wat ons vir Wiskunde het, aan die kinders kan oordra. **(Ja, dit is moontlik om lief vir Wiskunde te wees!)**

Vriendelike Randjiegroete

E. Dreyer
Wiskunde-onderwyser

P. Booysen
Skoolhoof